NUUSBRIEF Nr. 26 **Augustus 2017**

www.u3astilbaai.org info@u3astilbaai.org

MAANDELIKSE VERGADERING

Maandag, 28 Augustus 2017: 09h00 vir 09h30

Die Waenhuis, Jagersbosch, Stilbaai-Wes.

Sosiale eienskappe en uitdagings van leerders met outisme.

Antel van Deventer

Antel het 'n Meestersgraad in Opvoedkundige Ondersteuning van die Universiteit van Stellenbosch, en sy praat oor outisme met die fokus op die sosiale aspek daarvan en spesifiek oor kinders met Hoogs Funksionerende Outisme (voorheen bekend as Asperger sindroom).

Gaste en nie-lede is welkom; toegang is gratis.

DIT EN DAT …

Algemene Jaarvergadering.

Die Algemene Jaarvergadering op 31 Julie was goed bygewoon met 65 lede teenwoordig (insluitende dié wat by die vergadering aangesluit het). Die voorsitter het sy verslag gelewer, en as Tesourier ook die finansiële verslag vir die vorige jaar ter tafel gelê – die dokumente is beskikbaar in die Administrasie seksie van die webtuiste. Die vergadering het die volgende lede tot die Komitee verkies: Lawrence Barltrop, Hella Döckel, Carol Malan, Niel van Wyk en Cheryl Worth. Johan van Rooyen, tans koöpteer op die Komitee om die Voëlgroep te verteenwoordig, was nie beskikbaar vir die verkiesing nie, maar is beskikbaar vir koöptering. Die komitee sal die ampsbeklеders by hul volgende vergadering op 4 September verkies.

Julie Maandelikse Praatjie.

Petra Daneel, bestuurder van die Jagersbosch Gemeenskapsdienssentrum, het 'n hoogs insiggewende praatjie gelewer oor die werk en dienste verskaf deur Jagersbosch. Stilbaai is in 'n unieke situasie waar hierdie organisasie sorgdienste lewer aan die plaaslike bevolkings van Stilbaai, Melkhoutfontein en Jongensfontein; in meeste stede en dorpe is hierdie dienste net beskikbaar in aftree-oorde of sorgsentrums. By die vergadering is 'n pleidooi gelewer vir mense met geskikte ondervinding en kundigheid om hulself beskikbaar te stel om op die raad van direkteure van Jagersbosch te dien.

Jagersbosch Fonds.

Die Julie uitloting het R225 opgelewer, en die TED praatjie op 26 Julie R104; die fonds staan nou op R3,738.67.

Vir 'n volle lys van alle bydraes, sien die Jagersbosch Fonds blad op ons webtuiste. Ons bankdetails is op die webtuiste as iemand 'n donasie wil maak. *www.u3astilbaai.org*

Lidmaatskap

Veertien nuwe lede het by ons maandelikse vergadering in Julie aangesluit; sedertdien het 2 nuwe lede aangesluit, dit bring die totaal op 207 lede. Welkom aan al ons nuwe lede.

Hernu asseblief u R30 ledegelde vir 2017/18 voor die einde van Augustus; lede wat dan nog nie betaal het nie sal van ons ledelys afgehaal word. Hulle sal nie meer die nuusbrief of kennisgewings van U3A gebeure ontvang nie; en sal ook nie aan U3A kursusse kan deelneem nie. U is natuurlik baie welkom om enige tyd in die toekoms weer by U3A Stilbaai aan te sluit.

Dankie aan almal wat reeds hul lidmaatskap vir die huidige jaar hernu het – ons waardeer u ondersteuning.

U3A STILBAAI KURSUSSE

Kursusse is net vir lede.

- **Stapgroepe** : Die groep stap elke Vrydag oggend. Kontak Cheryl op *cheryl@kmintsa.co.za*.
- **Historiese Toere** : Daar sal geen historiese Stilbaai toere wees vir die volgende paar maande nie; Hella is weg vir 'n tydjie, maar met haar terugkeer sal ons weer begin beplan.
- **Kookkuns** : Kontak Reinette op *reinetteanastagi@gmail.com* vir haar kookkuns kursus.
- **Voëlkyk vir beginners** : Die huidige kursus is byna voltooi, die volgende kursus in Augustus/September is reeds vol. Daar sal 'n Engelse kursus vroeg in 2018 wees, maar daar is nog net 2 plekke beskikbaar, kontak Johan op *rooyenvanjohan@gmail.com*.
- **Leunstoel Reise** : Die Leunstoel Reise sal later in die jaar weer begin.
- **Fotografie Groep** : 'n Fotografie groep is gestig, enige lid wat belangstel kan Lawrence by *barltrop@vodamail.co.za* kontak.

Kontak ons gerus as u terugvoering het oor enige van ons kursusse, of voorstelle het vir nuwe kursusse wat ons kan aanbied. Epos: *info@u3astilbaai.org*.

TED PRAATJIE : KLIMAATSVERANDERING

Woensdag, 23 Augustus 2017 om 09h30; Die Waenhuis, Jagersbosch.

Die TED Praatjie is deur Al Gore met die titel "The case for optimism on climate change", hy stel drie kragtige vrae oor die mensgemaakte kragte wat dreig om ons planeet te vernietig – en die oplossings wat ontwikkel word om dit te beveg. Hierdie TED Praatjie word fasiliteer deur Niel van Wyk wat 'n kort voorlegging maak oor die effekte van klimaatsverandering in die Hessequa distrik.

Lawrence Barltrop koördineer die TED Praatjies; kontak hom asseblief op *barltrop@vodamail.co.za* as julle 'n interessante onderwerp het, of as julle 'n aanbieding oor 'n spesifieke onderwerp verlang.

TED is 'n onpartydige beweging sonder winsmotief wat daarop gestel is om idees te versprei, gewoonlik in die vorm van kort, kragtige praatjies. TED het in 1984 begin as 'n konferensie waar Tegnologie, die Vermaaklikheidbedryf en Ontwerp ("**T**echnology, **E**ntertainment & **D**esign") vergader het; vandag dek dit alle vakgebiede – van die wetenskap tot die sake wêreld tot wêrelds-kwessies. Kry meer inlgting by *www.ted.com*.

VERGADERING VAN U3A STILBAAI VOËLGROEP

Die Voëlgroep vergader op Woensdag 23 Augustus om 19h00 in Die Waenhuis om verskeie sake van belang te bespreek. Daar word terugvoering gegee oor die atlaswerk in Hessequa, voorleggings van voëlfoto's deur lede, en 'n bespreking oor uitstappies, ens. Lede van die Voëlgroep, asook ander belangstellendes, is welkom om by te woon. Soos vir ander U3A funksies, sal 'n fooi van R5 per persoon gehef word.

UITSTAPPIES

Die uitstappies na die historiese bergpasse in die Langeberge noord van Riversdal was baie populêr. Foto's van die uitstappies is in die Gallery op ons webtuiste.

Daar sal nog twee uitstappies na die bergpasse wees, een op 30 Augustus en die finale uitstappie gedurende laat September of vroeg in Oktober. Die uitstappie op 30 Augustus is reeds vol, maar epos ons asseblief by *info@u3astilbaai.org* indien u belangstel in die finale uitstappie; ons het reeds 'n aantal besprekings, maar te min voertuie op hierdie stadium.

Neem kennis dat hierdie uitstappies is hoofsaaklik vir lede van U3A Stilbaai, alhoewel lede toegelaat is om gaste saam te neem. Ons het 'n aantal versoeke gehad van mense met geen verbintenis aan U3A om op die uitstappies te gaan, maar moes hierdie versoeke weier; die persone is wel aangemoedig om by U3A Stilbaai aan te sluit.

KOMENDE PRAATJIES ...

Die program vir die maandelikse praatjies vir die volgende aantal maande is as volg; let wel dat dit mag verander weens onvoorsiene omstandighede:

- 25 Sep 2017: Esma Marnewick praat oor die skryf van reisbeskrywings ("travel writing").
- 30 Okt 2017: Anna Hattingh praat oor "Living Wills".
- 27 Nov 2017: Ons het twee moontlikhede vir November, maar sal die praatjie later bevestig.

U3A Stilbaai *verbeter die lewens-kwaliteit van ouer mense, veral afgetredenes, en bevorder die behoud van intellektuele kapasiteit deur middel van stimulerende leer- en onderrig-programme en die sosiale kontak wat daarmee gepaard gaan.*

BESOEK ONS WEBTUISTE VIR MEER INLIGTING : WWW.U3ASTILBAAI.ORG